# Jesus verander water in wyn

*Johannes 2:1-12*


1. Lees Johannes 2:1-2. Wie was almal by die troue?

2. Lees Johannes 2:3-5. Hoekom sê Maria nou juis vir Jesus dat die wyn op is? Hoekom sê sy dit nie vir die seremoniemeester of iemand anders wat betrokke is by die troue nie?

3. Lees Johannes 2:6-7. Hoeveel klipkanne was daar? Waarvoor is die klipkanne gewoonlik gebruik? Wat het die kelners in die klipkanne gegooi? Hoeveel wyn was daar toe op die ou end?

4. Hoe het die seremoniemeester wyn gedrink as daar maar net water in die kan was waaruit die kelners vir hom geskep het? Was dit werklik wyn of was dit water wat net soos wyn gelyk het? (Lees Johannes 2:9-10)

5. Lees Johannes 2:11. Hoeveelste wonderteken was hierdie in Jesus se bediening? Waar het dit plaas gevind? Wat was die gevolg van hierdie wonderwerk en wat dink jy sê dit vir ons oor Jesus?



WESKERK KIDZ
waar elkeen sy kerk is